



NG Gemeente Montana: Kleingroepe 2026

God se droom vir sy kerk: Behoort én Beweeg.



2026.28

	Spreuke 3:5-6; Psalm 119:105; Jesaja 40:28-31; Romeine 8:28; Hebreërs 12:1-3
	<p>Volharding en hoop: God lei my pad</p> <p>Ons lewe van geloof is 'n wandel saam met Jesus op ons lewenspad. Dit is 'n lewenswyse. Hierdie lewe gebeur nog steeds in hierdie wêreld, en ons as kinders van God word nie gespaar van al die gevare en versoekings wat oor ons pad kom nie.</p> <p>Op watter pad kies jy om te loop?</p> <p>Ons wil tog die pad kies waarop God verheerlik word en waarop ons 'n rustiger lewe in sy teenwoordigheid kan lewe.</p> <p>'n Rustiger lewe beteken nie noodwendig ek doen minder nie. Dit beteken ek lewe met meer kalmte, minder bekommernis, meer sekerheid, meer vrede en vreugde omdat ek weet ek leef in God se hand, elke dag. Klink dit snaaks om te praat van "God se pad"? Dit is nie 'n abstrakte begrip nie, maar 'n mooi beeld wat gereeld in die Bybel gebruik word. Dink maar aan Psalm 1:6: "Waarlik, die Here lei die regverdiges op hulle pad, maar die pad van die goddeloses lei tot ondergang." God se werk in my en in ander mense rondom my word dikwels in die Bybel as 'n pad voorgestel.</p> <p>Dawid het dit ook so mooi aan die einde van Psalm 139 gebid: "Deurgrond my, o God, deurgrond my hart, ondersoek my, sien tog my onrus raak. Kyk of ek nie op die verkeerde pad is nie en lei my op die beproefde pad!" (Psalm 139:23-24) Met Jesus se sesde bede bid ons dat ons voete stewig op die regte fondament gevestig sal wees, dat ons die wysheid sal hê om die regte pad te onderskei en dit met volharding te loop.</p> <p>Gelowiges en ongelowiges loop elke dag op 'n pad. Ongelowiges loop op 'n cul de sac, 'n doodlooppad. Hulle het geen toekoms in ewigheid nie. Gelowiges se pad is vol lewe en hoop. Hulle loop die pad wat Jesus kom loop het. Hulle loop in Jesus se voetspore. Hulle volg Hom. Op hierdie pad word gelowiges deur 'n wonderlike hemelse gids vergesel: die Heilige Gees.</p> <p>Hierdie pad is aan die smal kant. Dit het Jesus ons al in die bergrede geleer. Want op hierdie pad neem jy jou kruis op en volg Jesus. Dit is nie so breed dat elke mens daarop wil loop nie. Maar hierdie pad het 'n ewige bestemming. Jesus self het by hierdie bestemming vir jou gaan plek voorberei. Hy wag jou daar in met 'n oorwinnaarskroon.</p> <p>Kies om op hierdie pad te loop. Jy weet wat die bestemming daarvan is. Op hierdie pad is dit 'n ontdekkingsreis en 'n avontuur saam met die Heilige Gees as gids. Kom ons loop hierdie pad van God, en nie ons eie paaie nie...</p>
	<ul style="list-style-type: none">• https://bybelmedia.co.za/10-bybelverse-wanneer-jy-groot-besluite-moet-neem/• https://www.christelikemedia.org/article/die-leiding-van-die-heilige-gees

	<p>Dink oor die volgende vrae:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Hoe soek ek God se leiding wanneer ek onseker is? • Het ek al beleef dat my planne anders verloop het as wat ek verwag het? • Hoe het ek God in daardie tyd vertrou?
	<p><i>Vir die groepsgesprek:</i></p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Hoe vind jy jou pad wanneer jy op 'n onbekende plek is? 2. Wat doen jy wanneer jy nie seker is watter besluit om te neem nie? 3. Het jy al 'n plan gehad wat heeltemal anders verloop het as wat jy verwag het? 4. Wat help jou om aan te hou wanneer jy nie weet wat volgende gaan gebeur nie? <p><i>Vanuit die teksgedeeltes:</i></p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Spreuke 3:5-6 roep ons op om met ons hele hart op die Here te vertrou en Hom in alles te erken. Wat beteken dit prakties om die Here met jou hele hart te vertrou? Waarom is dit soms moeilik om nie net op jou eie insig staat te maak nie? Wat beteken dit om God in al jou weë te erken? 2. Die beeld van 'n lamp vir ons voete in Psalm 119:105 herinner ons dat God se Woord lig gee vir die pad waarop ons loop. Wat beteken dit dat God se Woord 'n lamp vir ons voete is? Hoe help die Bybel ons wanneer ons nie weet wat om te doen nie? Waarom is dit belangrik om nie net 'n teken te soek nie, maar ook die Bybel te lees en wysheid te gebruik? 3. Jesaja 40:28–31 herinner ons daaraan dat God nie moeg word nie en dat Hy krag gee aan dié wat uitgeput is. Wat sê hierdie gedeelte vir iemand wat moeg en moedeloos voel? Wat is die verskil tussen om self alles te probeer dra en om op God se krag staat te maak? 4. Romeine 8:28 gee hoop dat God in alles aan die werk is tot voordeel van dié wat Hom liefhet en volgens sy doel geroep is. Hoe kan hierdie vers ons help wanneer dinge nie uitwerk soos ons gehoop het nie? Waarom moet ons versigtig wees om te sê dat ons presies weet waarom iets slegs gebeur het? Hoe kan ons hoop behou sonder om te maak asof probleme nie bestaan nie? 5. Hebreërs 12:1-3: Jesus het nie die maklike pad gekies nie. Hy het volhard te midde van lyding en het getrou gebly aan die Vader. Wat kan jy by Jesus leer oor volharding wanneer die pad swaar raak?
	<p>Kies een praktiese uitdaging:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Lees elke dag Psalm 119:105 en vra God om jou te lei. • Bid oor 'n besluit wat jy moet neem. • Praat met iemand wat jou kan help om 'n moeilike situasie te hanteer. • Neem een klein tree in geloof, al weet jy nog nie wat die uiteinde gaan wees nie. • Bied ondersteuning aan iemand wat onseker of moedeloos voel